# Die Freysen's in Suid-Afrika:

## Vanaf 1817 tot 1898

## Inhoudsopgawe


VOORWOORD....................ii

1. Zell an der Mosel .................... 1
2. Die Freysen-stamvader in Suid-Afrika .................... 6
3. Die eerste Freysen-geslag in Suid-Afrika .................... 8
    - 3.1 Die stamnommer toekenning.................... 8
    - 3.2 Christina Francina Catharina FREYSEN [B1].................... 9
    - 3.3 Maria Catharina FREYSEN [B2].................... 9
    - 3.4 Thomas Stephanus FREYSEN [B3] .................... 9
    - 3.5 Carel Johannes FREYSEN [B4] .................... 10
    - 3.6 Margaretha Wilhelmina FREYSEN [B5] .................... 10
    - 3.7 Stephanus Petrus FREYSEN [B6].................... 10
4. Navorsing oor die Freysen-geslag in Suid-Afrika.................... 10

# VOORWOORD

Mense, in die algemeen, wil graag meer van hul herkoms weet. Aangenome kinders doen dan ook dikwels baie moeite om uit te vind wie hulle biologiese ouers is/was. Vorige geslagte het ook graag "families uitgelê" om te probeer bepaal waar iemand vandaan kom en of daar nie moontlik enige verwantskap of ander raakvlakke was nie.

Alhoewel daar waarskynlik indiwidue was wat belangstelling getoon het in die Freysen-familie, was die eerste navorsing waarvan ons kennis dra, die inligting wat gepubliseer is deur JA Heese en RTJ Lombard[1]. Rina Freysen het hierby aangesluit en verdere baanbrekerswerk gedoen. Johan Freysen het hierdie data van haar gebruik om 'n Freysen-stamboom te rekenariseer.


# 1. Zell an der Mosel

Thomas Freisen[2] is op 27 Julie 1789[3] in die klein Duitse dorpie "Zell an der Mosel"[4] gebore.

In Duitsland is daar 'n "*Zell an der Mosel*" en 'n "*Zell am See*" en was dit van vroeg af reeds die gebruik om te spesifiseer na watter een van die twee daar verwys word. Volgens Wikipedia is beide die dorpies reeds in die eerste eeu na Christus gevestig. Dit was derhalwe die rede waarom "*Zell an der Mosel*" in sy boedeldokumentasie gespesifiseer word.

Die fonetiese uitspraak van Zell (tsəl) is waarskynlik as "*Til*" (Sterftesertifikaat, Fig. 14) gehoor en gerekordeer. Die "*Zeijl an de Mozil*", asook die geboorte en doopinligting[3] is 'n duideliker aanduiding dat Thomas Freysen uit "*Zell an der Mosel*" kom.

Zell an der Mosel is 'n klein dorpie in Duitsland geleë aan die Moselrivier, 'n sytak van die Rhynrivier. Dit lê suid-wes van Koblenz, ongeveer halfpad na Trier toe (Fig. 1). Zell kan per boot of per trein bereik word. Van Koblenz word die trein tot by Bullay gehaal en daarvandaan word 'n bus gehaal tot by Zell.




***Figuur 1: Zell an der Mosel se ligging in Duitsland***

Weerskante van die rivier is daar hoë heuwels waar wingerde teen die steiltes aangeplant is. 'n Voetbrug verbind die twee dorpies weerskante van die rivier. Die brug is hoog genoeg dat groot vragbote onderdeur kan vaar.



***Figuur 2*: Zell van die oorkantse oewer gesien**

Een van die landmerke by Zell is die "*Runden Turm*" (Ronde Toring) wat vroeër as 'n kruithuis, deel van die stad se fortifikasie was.



***Figuur 3:* Die "Runden Turm" regs in die foto**

'n Tweede landmerk is die St Peters gemeente-kerkie (1786-1793). Thomas was vier jaar oud toe die kerk voltooi is en is dus nie in die kerk gedoop nie. Hy is waarskynlik tuis (waar die bevalling gewoonlik plaasgevind het), deur die plaaslike priester na die geboorte gedoop[5].



*Figuur 4: **Die Katolieke St Peter Pfarrkirche***

Die derde landmerk is Hotel Schloss Zell. Hierdie keurvorstelike twee-toring kasteel verteenwoordig 'n Gotiese boustyl uit die 14e eeu (1307). Die kasteel is in 1535 tot 1543 herbou en was dus in Thomas se tyd reeds daar. Tans word dit as hotel gebruik. Die pragtige moderne hotel het 'n staal spiraal-trap wat dit 'n uitdaging maak om met jou bagasie by die boonste kamers uit te kom.



*Figuur 5: **Hotel Schloss Zell***

Zell is wêreldbekend vir sy Riesling wyn-produksie en is baie gewild onder toeriste. Baie van die straatjies is redelik smal en is hoofsaaklik geskik vir wandelroetes met klein winkeltjies, restaurante en tavernes wat tot laat oop is. Baie van die geboue het tipiese Duitse houtafwerking en spreuke op sommige mure.




*Figuur 6: Tipiese straatjies*

’n Muur-fries beeld die geskiedenis van die dorpie van die vroegste tye af uit. Soos wat mens deur die dorpie stap is daar orals Duitse spreuke – veral oor wyn, teen die mure van geboue.




*Figuur 7: Muur-fries wat dorp se geskiedenis uitbeeld*




*Figuur 8: Duitse spreuke teen mure van geboue*

Agter Zell teen die heuwel is ’n baie prominente banier met “*Zeller schwarze Katz*” (Kyk Fig. 9). Daar is selfs ‘n standbeeld op die markplein van die dorpie met ‘n swart kat wat op ‘n vat staan en sy rug krom maak. Volgens die staaltjie kon ‘n groepie





*Figuur 9: Die swart kat van Zell*

wynkopers nie 'n besluit neem watter vat wyn om te koop nie. Toe die keldermeester se kat op 'n wynvat gaan staan, asof hy met alle mag wil verhoed dat dié vat geneem word, het hulle op dié vat besluit – en dit was glo die lekkerste wyn ooit!

Tydens die Napoleontiese oorloë het die Franse revolusionêre magte die dorpie in 1794 ingeneem. Thomas was toe 'n kind van ongeveer 6 jaar oud. Zell was Franse besit tot 1814 toe dit deur die Kongres van Wene Pruisiese gebied geword het (Zell (Mosel) - Wikipedia). Die Britte het gedurende hierdie tyd veral protestantse huursoldate, van ondermeer Nederland, Switserland en Duitsland gewerf om teen die oorwegend katolieke Franse magte te veg (American Revolution 60th Regiment of Foot (King's Royal Rifle Corps) - RevWarTalk). Dit is waarskynlik teen hierdie agtergrond dat Thomas as soldaat gewerf is.


## 2. Die Freysen-stamvader in Suid-Afrika

Thomas was die vierde van ses kinders van Stephano Freisen en Christinae (ook soms Xtinae gespel) Back[6]. Die kinders was: Joannes Josephus Friesen (20 Jan 1783), Anna Barbara Freisen (3 Jul 1785), Margaretha Freissen (4 Des 1786), Thomas Freisen (27 Julie 1789), Julius Jacobus Freisen (12 Des 1791) en Franciscus Josephus Freisen (21 Sep 1793).


Nomina Baptizatorum in Corej 1788.

1789.

*Figuur 10:* ***Geboorte- en dooppregister***


Thomas Freisen, "Germany, Rhineland, Diocese of Trier, Catholic Church Records, 1704-1957" — FamilySearch.org

1 Thomas Freisen
Germany, Rhineland, Diocese of Trier, Catholic Church Records, 1704-1957
Tools

| | |
|---|---|
| Name: | Thomas Freisen |
| Event Type: | Baptism |
| Event Date: | 27 Jul 1789 |
| Event Place: | Zell (Mosel), Zell, Rheinprovinz, Preußen, Deutschland |
| Sex: | Male |
| Birth Date: | 27 Jul 1789 |
| Father's Name: | Stephano Freisen |
| Mother's Name: | Xtinae Back |

Record Collection:

Germany, Rhineland, Diocese of Trier, Catholic Church Records, 1704-1957

a) Document Information:


| | |
|---|---|
| Digital Folder Number | 008105930 |
| Image Number | 00259 |
| Record Number | 5 |


b) Citing this Record

Deutschland, Rheinland, Bistum Trier, katholische Kirchenbücher, 1704-1957, database, *FamilySearch* (https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:D6NV-PGPZ : 3 November 2020), Thomas Freisen, 27 Jul 1789; citing Baptism, certificate , Zell (Mosel), Zell, Rheinprovinz, Preußen, Deutschland, Bistumarchiv (Diocese Archive), Trier, Germany.

***Figuur 11: Kerkregister***

Volgens Heese en Lombard[7] was “Tomas Freysen” die stamvader van die Freysens in Suid-Afrika. Soos duidelik uit die bostaande blyk, het die wyse waarop die van gespel is baie gevarieer. Ook in die verblyfreg, testament en sterftesertifikaat is daar wisselvorme van die wyse waarop die van gespel is. Vir die doeleindes van hierdie dokument, word Thomas Freysen as die korrekte spelwyse vir die stamvader se naam en van gebruik.





CAPE OF GOOD HOPE, 15 January 1817

The Bearer Thomas Freizen has permission from His Excellency General Lord CHARLES HENRY SOMERSET, Governor and Commander in Chief, to remain in this Settlement, while he conducts himself in a quiet and orderly manner, and pays due attention to the Orders & Regulations issued by His Britannick Majesty's Government, being his Securities.

By Command of His Excellency,

Registered in the Secretary's Office,

Registered in the Fiscal's Office

*Figuur 12: Koloniale Pas (links) en Verblyfreg (regs)*

Thomas kom as 17 jarige soldaat na Suid-Afrika. Hy is vanaf Julie 1806 tot Maart 1808 lid van “The 60th Regiment of Foot (King’s Royal Rifle Corps)”[8] Gedurende sy tweede dienstydperk vanaf September 1811 tot Januarie 1819 ontvang hy op 29 jarige leeftyd verblyfreg in die destydse Kaapkolonie (Fig.12). Volgens sy boedeldokument ressorteer hy tot en met sy afsterwe onder Veldkornet F.F. Müller van die Beaufort (Wes) distrik.


Na sy ontslag, begin hy met skape op sy plaas Rietpoort in die Koup naby Zeekoegat (tussen Beaufort Wes en Klaarstroom) boer. Kort voor sy troue op 6 Oktober 1827 met Carolina Wilhelmina Christina Oostewald, die dogter Carel Oostewald en Maria Catharina Krull, word hy op 39 jarige ouderdom ’n lidmaat van die Nederduits Gereformeerde Kerk op Beaufort Wes (12 September 1827).

Die egpaar het ses kinders:

1. Christina Francina Catharina (13 September 1828)
2. Maria Catharina (6 September 1830)
3. Thomas Stephanus (3 Junie 1832)

4. Carel Johannes (3 Mei 1834)
5. Margaretha Wilhelmina (3 Junie 1837)
6. Stephanus Petrus (6 Junie 1840)

Carolina sterf op 21 September 1840 in die ouderdom van bykans 36 jaar, ongeveer drie maande na die geboorte van hul sesde kind (Fig.13). Thomas stel op 13 Oktober 1847 sy testament op en benoem Gysbert van Bosch ('n familielid van sy oorlede vrou) as eksekuteer van sy boedel. Hy bepaal dat sy kinders sy enigste erfgename is en dat Gys, as voog van sy minderjarige kinders, die plaas moet verhuur by sy afsterwe. Thomas sterf op 15 Junie 1848 in die ouderdom 60[9] op sy plaas (Fig.14).


DEATH NOTICE.

*Pursuant to the Provisions contained in Section 9, Ordinance 104.*

1.—Name of the Deceased.

2.—Birth-place of the Deceased.

3.—Names of the Parents of the Deceased.

4.—Age of the Deceased.

5.—Condition in life.

6.—Married or unmarried, Widower or Widow.

7.—The Day of the Decease. 21 September 1840.

8.—At what House, or where the Person died.

9.—Names of the Children of Deceased, and whether Minors or Majors.

10.—Whether Deceased has left any Property, and of what kind.

If the Deceased is not a married Person, or not married in community of Goods,—or has left no Will,—this Notice must be made within *Six Days* after the death.

If otherwise, it must be made within *Six Weeks*.

*_* It must be filled up and signed by the nearest Relative or Connection of the Deceased, who shall at the time be at or near the place of death,—or, in the absence of such near Relative or Connection, by the Person who shall have the chief charge of the House in, or of the Place on which, the death shall occur, and must be sent, either to the Master in Cape Town, or to the Resident Magistrate of the District, if within Six Hours distance; if at a greater distance, it must be forwarded to the Field-Cornet of the District.

*Figuur 13: Sterftesertifikaat van Carolina*


DEATH NOTICE.

*Figuur 14: Sterftesertifikaat van Thomas*

# 3. Die eerste Freysen-geslag in Suid-Afrika

## 3.1 Die stamnommer toekenning

Die stamvader, Thomas Freysen, word met 'n [A] aangedui en sy kinders (die tweede geslag) word met 'n [B1 – B6] aangedui. Elk van hulle kinders (die derde geslag) word weer met 'n [C1-n] aangedui. So sal [B1] se eerste kind se stamnommer [B1C1] wees, terwyl [B2] se eerste kind se stamnommer weer [B2C1] sal wees.

Hierdie stelsel waar letters aan die generasies, en dan syfers vir die kinders in volgorde van geboorte toegeken word, staan bekend as die de Villiers/Pama Stelsel[10]. Op hierdie wyse word 'n unieke nommer toegeken wat dit moontlik maak om die geslagslyn vanaf die stamvader tot by die individu te volg.

In hierdie verband is daar twee besluite geneem waarvan daar kennis geneem moet word:

a) Waar twee Freysens trou, sal die kinders hul stamboomnommers van hulle vader se stamboomnommer afgelei word.
b) Freysen-dogters wat trou, neem gewoonlik hul eggenote se familienaam aan. Derhalwe voer haar kinders ’n ander van en kry hulle nie ’n Freysen-stamboomnommer nie – hulle sal waarskynlik deel wees van ’n ander stamboom met ’n gepaardgaande nommer.

## 3.2 Christina Francina Catharina FREYSEN [B1]

Sy is op 13 September 1828 in die Beaufort (Wes) distrik gebore en op 25 Januarie 1829 gedoop. Haar van word as “Vrysing” in die doopregister aangeteken. Sy was slegs 12 jaar oud toe haar ma sterf. Op hierdie jeugdige ouderdom moes sy heel-waarskynlik haar ma se pligte oorneem en die jonger kinders help versorg.

By haar pa se afsterwe, was sy op negentienjarige leeftyd nog nie mondig nie en was sy saam met die ander 4 kinders onder die toesig van haar voog Gysbert van Bosch.

Op 17 Augustus 1851 tree die 22-jarige Christina met Hendrik Jacobus Petrus Arnoldus Nieman in die huwelik en boer hulle op haar oorlede pa se plaas Rietpoort. Uit hierdie huwelik is daar net een dogter, Carolina Wilhelmina Christina Nieman, op 23 Februarie 1862 gebore.

Christina is op 5 September 1898 te Prins Albert oorlede.

## 3.3 Maria Catharina FREYSEN [B2]

Maria is op 6 September 1830 in die Beaufort (Wes) distrik gebore. By haar doop op 21 November 1830 te Beaufort Wes kry sy haar ouma (aan haar ma se kant) se name.

Op 18 jarige ouderdom tree sy op 7 Mei 1849 in die huwelik met Barend Hendrik Beukes, seun van Barend Hendrik Beukes en Elizabeth Lotriet. Uit dié huwelik is daar net een dogter, Catharina Carolina Wilhelmina Beukes, op 30 Augustus 1854 gebore.

Na Maria se afsterwe op 15 Desember 1886 te Swanepoelsaanleg te Prins Albert, hertrou Barend op 30 September 1889 met Jacomina Susanna Magrieta Swanepoel van Kopjeskraal.

## 3.4 Thomas Stephanus FREYSEN [B3]

Hierdie eerste seun wat die familienaam kon voortdra, is op 3 Junie 1832 gebore. Met sy doop op 10 Februarie 1833, kry hy sy pa en oupa (aan vaderskant) se name. Volgens sy NG Lidmaatskap van 4 Januarie 1868, is hy op 23 Julie 1832 gebore.

Hy trou, met die toestemming van sy Voog Gysbert van Bosch, op 19 April 1852 met Dina Carolina Johanna Catharina Swanepoel. Uit die huwelik is daar agt kinders gebore.

Hy is op 6 April 1901 in sy huis te Prins Albert oorlede.

Dit wil voorkom asof party van die kinders se van verander is van Freysen na Fraser.

## 3.5 Carel Johannes FREYSEN [B4]

Carel is op 3 Mei 1834 gebore en op 21 Desember 1834 in Beaufort Wes gedoop. Op 8 Januarie 1855 trou hy met Johanna Susanna Magdalena Hermina Booyens. Met hul troue was hy 'n veeboer op die familieplaas, Rietpoort - waarskynlik saam met sy swaer, Hendrik Nieman (Kyk par.3.1).

Johanna het vir die bevalling na haar ouers op Antjiesfontein in die Swartberg distrik gegaan. Ongelukkig is sy met die geboorte van hul eersteling, Johanna Susanna Magdalena Hermina Freysen, op 9 Julie 1856 oorlede. Oupa en Ouma Booyens het toe die kleintjie op 28 Oktober 1856 laat doop.

Carel hertrou op 21 Desember 1857 met Anna Maria Wilhelmina Botes, dogter van Jacobus Abraham Adriaan Botes en Susanna Maria Elizabeth van Emmenes. Die egpaar het 12 kinders – 4 dogters en 8 seuns.

Na Carel se afsterwe op 24 Mei 1878 te Grootfontein in die distrik van Prins Albert, is Anna op 5 November 1888 getroud met 'n wewenaar, Willem Hendrik Christoffel Swanepoel wat op Schurwefontein geboer het.

## 3.6 Margaretha Wilhelmina FREYSEN [B5]

Margaretha is op 3 Junie 1837 gebore en op 24 Desember 1837 te Beaufort Wes gedoop. Op 1 Februarie 1853 tree sy (op ouderdom 16) in die huwelik met Barend Matthys Booyens, 'n veeboer van Antjieskraal – waarskynlik die broer van haar skoonsuster Johanna (vrou van Carel, sien par. 3.5).

Op 17 Junie 1854 is daar vir hulle 'n dogtertjie gebore, Carolina Christina Wilhelmina Booyens. Carolina is op 7 Januarie 1858 in Prins Albert gedoop.

Na die afsterwe van Barend, waarskynlik tussen 1855 en 1857, hertrou Margaretha op 1 Maart 1858 met Pieter Johannes Cornelis Roux. Uit hierdie huwelik is daar 10 kinders gebore.

Margaretha sterf op 23 Oktober 1882 te Badfontein in die distrik Caledonrivier, Oranje-Vrystaat.

## 3.7 Stephanus Petrus FREYSEN [B6]

Stephanus, die laaste seun, is op 6 Junie 1840 gebore en op 7 Augustus 1840 in Beaufort Wes gedoop. Hy het waarskynlik kort daarna gesterf, aangesien sy ma op 21 September 1840 oorlede is en sy naam nie op haar (of sy pa) se sterftesertifikaat genoem word nie.

# 4. Navorsing oor die Freysen-geslag in Suid-Afrika

Rina Freysen het die Suid-Afrikaanse Geslagsregisters, Deel 2 (D-G) van Heese en Lombard[1] as basis gebruik vir haar navorsing oor die Freysen-familie. Naas besoeke aan die Argief in Kaapstad en baie ure se opleeswerk in kerkargiewe, het sy ook wyd

korrespondeer met indiwidue. Al haar data is noukeurig in haar netjiese handskrif neergeskryf.

Klaarblyklik wou sy sekere regstellings en byvoegings vir Dr Heese deurgee om in sy publikasie op neem. Sy is egter op 2 Junie 1989 in kennis gestel dat die ***SA geslagsregisters deel 2*** klaar geset is en gereed is om na die drukkers te gaan. Alhoewel haar navorsing nie in dié publikasie opgeneem kon word nie, het mev CP van der Walt van die Afdeling Biografiese en Genealogies Navorsing aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, haar uitgenooi om die inligting vir haar deur te stuur "...vir latere gebruik". Na die beste van ons wete het Rina nie op hierdie uitnodiging gereageer nie.

In ’n briefie aan Piet Freysen, gedateer Junie 2003, kla Rina dat sy weinig reaksie ontvang het van familielede op haar navrae. Hulle het in tussen na Rosestad Bejaarde Sentrum in Bloemfontein getrek, wat meegebring het dat sy nie meer toegang kon kry tot die naslaanbronne in die Kaap nie. In haar briefie sê sy verder: "Met die dat my geheue ook nie meer so lekker wil saam werk nie, is dit beter dat ek maar alles wat ek bymekaar het aan jul besorg...".

Op 1 Februarie 2005 dra sy hierdie handgeskrewe navorsing aan Johan Freysen oor om te rekenariseer en voort te sit. Johan het die inligting wat hy van Rina af ontvang het op die ***Legacy*** (Family Tree Genealogy Software) program ingevoer. Die stamboom is as ‘n PDF-verslag so wyd moontlik gesirkuleer om mense die geleentheid te gee om inhoud te kontroleer en reg te stel. ’n Gesinsblad-vorm is beskikbaar gestel, ten einde soveel moontlik inligting van individue binne gesinsverband te bekom. Ook enige regstellings is op hierdie wyse deurgegee en in die stamboom-databasis ingetrek. Die nuutste stamboom kan as PDF van die Freysen-webtuiste (https://freysen.co.za/stamboom/) afgelaai word.

**EINDNOTAS:**

---

1 Heese, J.A. en Lombard, R.T.J. (1989). Suid-Afrikaanse geslagregisters, Deel 2 (D-G). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria. Bladsye 371-373.

2 Met die ondertekening van sy testament het Thomas die "h" uitgelaat en sy naam as Tomas geteken. Hy het ook aanvanklik die "e" in Freysen uitgelaat, en dit toe ingevoeg (Fig.11). Christina, sy negentien-jarige dogter, teken "C Freysen" as getuie op die boedel-dokument (Fig.14).

3 Deutschland, Rheinland, Bistum Trier, katholische Kirchenbücher, 1704-1957, database, FamilySearch (https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:D6NV-PGT2 : 3 November 2020), Stephano Freisen in entry for Thomas Freisen, 27 Jul 1789; citing Baptism, certificate , Zell (Mosel), Zell, Rheinprovinz, Preußen, Deutschland, Bistumarchiv (Diocese Archive), Trier, Germany.

4 Volgens T(h)omas Freysen se sterftesertifikaat is hy in "Til, on the Moselle, Germany" (Fig.12) gebore. In sy boedeldokument word sy naam egter as "Tomas Freijsen … van Geboorte uit de Stad Zeijl an de Mozil" (Fig.13) aangedui – waarskynlik onder die invloed van die Afrikaans-Nederlandse spreektaal.

5 Deutschland, Rheinland, Bistum Trier, katholische Kirchenbücher, 1704-1957, database, FamilySearch (https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:D6NV-PGT2 : 3 November 2020), Stephano Freisen in entry for Thomas Freisen, 27 Jul 1789; citing Baptism, certificate , Zell (Mosel), Zell, Rheinprovinz, Preußen, Deutschland, Bistumarchiv (Diocese Archive), Trier, Germany.

6 Deutschland, Rheinland, Bistum Trier, katholische Kirchenbücher, 1704-1957, database, FamilySearch (https://www.familysearch.org/ark:/61903/1:1:D6NV-PGT2 : 3 November 2020), Stephano Freisen in entry for Thomas Freisen, 27 Jul 1789; citing Baptism, certificate , Zell (Mosel), Zell, Rheinprovinz, Preußen, Deutschland, Bistumarchiv (Diocese Archive), Trier, Germany.

7 Heese, J.A. en Lombard, R.T.J. (1989). Suid-Afrikaanse geslagregisters, Deel 2 (D-G). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria. Bladsye 371-373.

8 Bron in Kaapse Argief C.O.6055, ***"Register of Permissions to Remain in the Colony"*** – navorsingsbydrae deur Rina Freysen eggenote van Carel Johannes Freysen (B4C6D8E1).

9 Volgens sy sterfsertifikaat was hy 60 jaar oud by sy afsterwe op 15 Junie 1848 (Fig.12). Indien sy geboortedatum (kyk eindnota 3) egter as korrek aanvaar word, sou hy eers op 27 Julie 1848 59 jaar oud geword het.

10 Meer inligting oor dié en ander stelsels is beskikbaar by: https://en.wikipedia.org/wiki/Genealogical_numbering_systems